# Die Byekorf

2017/01/25 Standerton Akademie

03/17

Geagte ouers

**Interhuis atletiek**

Baie dankie aan al ons ouers vir die hulp en ondersteuning met die afgelope Saterdag se byeenkoms. Geluk aan al ons leerlinge met hul puik prestasies die afgelope byeenkoms. Dankie dat julle ons skool se naam so mooi uitdra en geluk met julle mooi prestasies. ‘n Besondere woord van geluk aan die volgende atlete wat verkies is as victor en victrix ludorums in die onderskeie groepe.

| | |
|---|---|
| Kleuterskool: | Stehan van der Merwe |
| | Linette Hipkin |
| Junior: | Johanco Griesel |
| | Lianne Janse van Rensburg |
| Senior: | Johann Schoonraad |
| | Nadia Cronje |





**Beste 10 prestasies van die dag:**

| | |
|---|---|
| Anke Janse van Rensburg | 713 |
| Lianne Janse van Rensburg | 688 |
| Marla de Jager | 665 |
| Johann Schoonraad | 653 |
| Melinda Roberts | 644 |
| Elré Labuschagne | 643 |
| Johanco Griesel | 635 |
| Chanel Nichols | 628 |
| Nicolette van der Merwe | 616 |
| Vicky van der Westhuizen | 615 |



**Die leeus en tiere geniet hul roomyse na die harde werk.**

# Streeksatletiekbyeenkoms: Saterdag, 28 Januarie 2017 by Hoërskool Vaalrivier

Kontroleer asseblief op die aangehegte beamptelys waar u Saterdag werk. By voorbaat dankie vir u bereidwilligheid en hulp met hierdie byeenkoms. Sien aangeheg die naamlys van leerlinge wat eerskomende Saterdag deelneem met die onderskeie tye en items waaraan hulle deelneem. (Leerlinge neem Saterdag deel in Standerton Akademie atletiekdrag en registrasiegelde van R80 per atleet moet betaal word aan die skool.)

**Nuwe Rugbyveld**

Baie dankie aan Jan Pretorius, Vic Hancke, Gerhard Bierman, Danie Burger, Jabbies Lötz, Wimpie Cronje en Dolf Bierman vir die groot werk met die aanplant van ons nuwe veld. Dit word opreg waardeer.



Die veld vorder fluks.



Ons Rugbyveld se gras is hier!!!



Die manne begin pak...

**Ken-mekaar-aand**

Ouers neem kennis van ons ken-mekaar-aand wat plaasvind op Donderdag 2 Februarie by die skool om 18:00. Die aand neem die vorm aan van 'n bring en braai. Die skool sal al die braaigeriewe asook die bykosse voorsien. U is self verantwoordelik vir u eie vleis, drinkgoed, eetgerei en stoele. Die skool sal aan al die leerlinge 'n worsbroodjie gee vir die aand. Daar sal ook tydens hierdie aand 'n kort gesprek gehou word met u rondom die reëlings ten opsigte van die buitemuurse bedrywighede waarna u as ouers die onderwysers se klasse kan besoek.

**Langnaweek en vakansie**

Jammer vir die ongerief met die datums, die volgende datums is die finale datums:
Maandag en Dinsdag, 20 en 21 Maart – geen skool
Vrydag 31 Maart – skool sluit. Ouers wie se kinders kwalifiseer om aan die SA atletiekbyeenkoms deel te neem mag die kinders reeds die vorige dag afhaal sonder dat hulle afwesig gemerk sal word.

**Akademie**

Soos u reeds weet het ons toetsrooster amptelik vandag begin en daarom versoek ons u om asseblief toe te sien dat die kinders deeglik voorberei.

**Majubafees 24 Februarie 2017**

Vind aangeheg die inligting oor die Majubafees.

**Verjaarsdae**

Baie geluk aan al ons leerlinge, ouers en onderwysers wat vanaf 25 Januarie tot 31 Januarie verjaar.
Mag die Here u seën.

| Leerlinge | Ouers en Onderwysers |
|---|---|
| 28 Januarie : Lian Verwey<br>31 Januarie : Elizma Pretorius | 25 Januarie : Christelle de Bruyn<br>30 Januarie : Hansie van Rensburg |

**Belangrike datums**

| | |
|---|---|
| 28 Januarie | Streeksbyeenkoms Atletiek te Vaalrivier Hoërskool |
| 2 Februarie | Ken-mekaar-aand |
| 18 Februarie | Oos-Transvaal Atletiek te HTS Middelburg |
| 24, 25 en 26 Februarie | Majuba naweek |
| 20 en 21 Maart | Geen skool |
| 31 Maart | Skool sluit |
| 31 Maart en 1 April | SA Atletiek te Sasolburg |
| 18 April | Skool heropen |

GROETE

S. Swanepoel